**Vrydag 31 Augustus**

| Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:16-18 | Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:17 |
|---|---|

# Die Here gee krag in die stryd

Tydens Paulus se hofverskyning in Rome was daar niemand van die gemeente om hom by te staan nie. Niemand om hom te bemoedig of selfs vir hom in te tree nie. Hy moes dus sy eie verdediging behartig. Onder hierdie eensaamheid en alleenheid kom hy tot die ontdekking dat die Here hom bygestaan het en hom krag gegee het om in Rome voor die keiser te kon getuig (Hand. 23:11; 27:24).

Deur God se bystand en krag deur sy Gees gebeur drie dinge: die evangelie van Jesus Christus se verlossing is in volle sterkte in die hof verkondig; mense wat nog nooit voor-heen die evangelie gehoor het nie, hoor dit nou; en Paulus is nog ’n rukkie gespaar toe die vonnis uitgestel is (uit die bek van die leeu gered).

Paulus weet nou duidelik: Al sou hy hier op aarde voor ’n hof sterwe, sal hy voor die hemelse Regter ’n gunstige uitspraak verkry om in sy hemelse koninkryk te mag deel. Daarom loof en prys Paulus die Here.

Dis eintlik wonderlik hoe die Here ons in sy diens gebruik. God staan nie in ons diens nie, maar ons staan in sy diens. Paulus moes, al is dit deur ’n wêreldse hof en teregstelling heen, die evangelie verkondig aan die hoogste hof van die destydse wêreld. So gebruik Hy ons in sy diens tot die uitbreiding van sy koninkryk.

Die vraag is net: Sal ons die Here volg waar hy ons ook al stuur?

*Sing: Skrifberyming 14-2:1*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*